# Hoe kan jy ons help?

**Moenie die aanhouding van die diere ondersteun nie, moenie 'n kaartjie koop nie. Deel ons webwerf- www.WOWvsTaiji.com**

**Vra ander dames om by ons groep aan te sluit.** Elke keer wanneer jy met iemand oor die aanhouding en jagte gesels, verhoog jy bewustheid. Elke nuwe lid wat aansluit beteken dat ons nog 'n gedeelte van die wêreld bereik.

**Reik uit na jou gemeenskap, vriende en familie** en verduidelik aan hulle hoekom hulle nie aanhouding moet ondersteun nie. Stel voor dat hulle 'Blackfish' en 'The Cove' kyk, of vertoon die films by jou huis. Nooi hulle uit om 'n aand by jou deur te bring sodat hulle jou passie kan begin verstaan. Dit is die enigste manier wat hulle ten volle ingeligte besluite en keuses kan maak.

**Reik uit na jou gemeenskapleiers** en/of jou staatsverteen-woordigers. Vind uit wat hulle standpunt rakende houding is en hoekom, asook wat hulle jou kan help bereik. Vind uit wat wette hieromtrent in jou area in plek is en kyk wat jy en jou gemeenskap kan doen om hulle te verbeter.

**Vra of jy 'n voorlegging by jou kind, kleinkind, of gemeenskap se skole kan doen.** Hou 'n vraag-en-antwoord sessie oor walvisse en dolfyne. Neem jou skootrekenaar of tablet saam, skakel in by die kinderafdeling en deel die inligting en videos. Dit begin met ons kinders.

**Gaan kyk na ons Eco-Tours-afdeling** fvir alternatiewe opsies in pleks van dolfinariums en stel voor dat jou vriende en familie hierdie opsies oorweeg. Vra of hulle ten minste 'n Eco-Tour sou oorweeg.

**Rëel 'n strandopruiming** en deel pamflette oor ons missie uit. Ons webwerf het plakkate, besigheidskaartjies, pamflette, plakkertjies, asook hierdie brosjuur (in verskillende tale) beskikbaar om af te laai en uit te druk.

**Vra vir 'n plek by markte** waar jy met mense van aangesig tot aangesig hieroor kan gesels, asook om pamflette en besigheidskaartjies uit te deel. Druk van die plakkate op ons webwerf uit en vertoon hulle om jou.

**Raak betrokke by funksies.** Kyk na die funksieblaaie op ons webwerf vir datums en skakels na funksies wat jy kan ondersteun.

**Teken petisies.**

**Raak betrokke by 'Tweet Storms' op Twitter.**

# Raak betrokke

## Dames, sluit by ons aan op Facebook

**facebook.com/groups/women.against.Taiji**

## Almal kan by ons aansluit op Twitter

**@WOWvTaiji & @WOWvsCaptivity**

## Besoek ons webwerf

**www.WOWvsTaiji.com**

Vir meer inligting oor Women of the World United Against Taiji
E-pos ons: **info@WOWvsTaiji.com**



Ons veg teen die aanhouding en slagting van walvisagtiges, asook om dit vir eens en vir altyd op 'n globale vlak uit te wis.

# Sluit by ons aan

# Ontmoet Women of the World United Against Taiji

Ons veg om aanhouding te beëindig wat tot gevolg die slagting, marteling en vang van dolfyne wat jaarliks van September tot Maart in Taiji, Japan voorkom, tot 'n einde sal bring. Hulle is die wêreld se grootste verskaffer van dolfyne aan dolfinariums, marieneparke, asook die sogenoemde 'swem met dolfyne' fasiliteite. Die slagting duur voort in ander gedeeltes van Japan, asook plekke soos die Faroëse Eilande, waar hulle honderde, soms duisende, migreerende langvinloodswalvisse elke jaar jag en slag. Ons moet dringend ons oseane en diegene wat dit bewoon beskerm voordat dit te laat is.

**Ons Missie**

Women of the World veg vreedsaam vir die dag waneer alle walvisagtige diere vry kan swem in 'n beskermde osean. Die dag wanneer ons gewen het is die dag wanneer alle jag en aanhouding van die diere verby is.

**Ons Groep**

Vir jare het aanhoudingsfasiliteite gekapitaliseer op die gebruik van dolfyne, walvisse en ander soorte lewende diere om die massas te vermaak, terwyl so baie mense onbewus is waarvandaan hierdie diere kom. Ons doel by WOW is suiwer gebaseer op 'n opvoedkundige vlak, wat behels dat jong en oud leer om nie die fasiliteite te ondersteun nie, asook die redes waarom.

Dit is alleenlik in die hande van die verbruikers, wie vir die kaartjies betaal om die jammerlike diere te sien vertoon, om stop te sit aan die aaklige handel. Asseblief moenie marieneparke of die sogenoemde 'swem met dolfyne' fasiliteite ondersteun nie.




Moedig verandering aan.

Voed ander mense op.

Inspireer hulle.

# Toegewyd aan die saak

Ons missie het tydens Desember 2014 ontstaan toe ons mekaar tydens dolfynjagte ondersteun het. Sedertdien het dit gegroei tot 'n globale bewustheidsmissie. Ons groep groei daagliks en ons bereik meer en meer lande.

**Dolfyne en walvisse is bewus, selfbewus en sosiaal komplekse wesens wat verdien om beskerm te word.**
In onlangse jare is daar ontdek dat daar spesiale breinselle, wat bekend staan as spindelselle, of Von Economo neurone, in sommige walvis- en dolfynsoorte voorkom. Daar word vermoed dat spindelselle verantwoordelik is vir vinnige intuïtiewe keuses in komplekse sosiale situasies, asook verband hou met emosies soos byvoorbeeld empatie. Tot onlangs was daar geglo dat hierdie breinselle alleenlik voorkom in die brein van mense en sommige primate. Narvorsing bewys nou dat spindelselle ook in die brein van die volgende walvisagtige spesies voorkom: (www.USwhales.org)

| | |
|---|---|
| Bultrugvis/Boggelrugwalvis | Beloega/Witdolfyn |
| Vinwalvis | Stompneusdolfyn |
| Spermwalvis/Potvis | Risso-dolfyn |
| Moordvis | |

Dit bewys dat aanhouding 'n lewende nagmerrie is vir hierdie wesens. Die is NIE die manier waarop ons ander wesens op die planeet behoort te behandel nie. Deur hulle op te sluit en te verhonger sodat hulle toertjies vir ons vermaaklikheid uitvoer, tot die verryking van groot korporasies is onaanvaarbaar. Hulle kan nie vir hulself praat nie en dit val op elkeen van ons om namens hulle te praat. Asseblief, sluit aan by ons saak en help om ander bewus te maak rakende aanhouding.

SeaWorld en ander marieneparke hou vol dat hulle doelwit is opvoedkunde en bewaring, terwyl ons weet dat dit moontlik is om alle lewende wesens in hulle natuurlike omgewing te bestudeer. Inteendeel, dit is die enigste plek waar jy regtig kan leer hoe hulle regtig leef.

Aanhouding is nie opvoeding nie.

# Vinnige Feite Dolfyne en Walvisse

Dolfyne bly in groot sosiale groepe genaamd skole. Hulle is selfbewus, ervaar emosies, is in staat om analities te kan dink, kan hulle aksies kies, kan deur waarneming leer, verstaan die struktuur van hulle omgewing, weet wat werk of nie werk nie, kan probleme oplos deur te sien wat werk of werk nie en kan selfs nuwe oplossings vir probleme uitdink.

Kalwers sal tot die ouderdom van 1-2 jaar melk van hulle moeders drink, soms langer. Vanaf 4-6 maande ouderdom word hulle bekendgestel aan ander kossoorte, soos vis en inkvis. Die vet in die moedersmelk laat hulle vinnig groei. Nadat hulle gespeen is, verlaat die bulle die skool om of hul eie skool te skep of by 'n ander aan te sluit. Die koeie mag lewenslank in dieselfde skool as hul ma's bly. As hulle wel sou weggaan, sal hul steeds baie naby bly.

Witdolfynkoeie kan tot 1,000 voet diep duik en die bulle tot 2,000 voet. Dolfyne en walvisse swem honderde myl en kan tussen 10-150 voet diep duik, maar kan ook dieper duik as dit. Dit word alles van ontneem tydens aanhouding, omdat die tenks vlak en beperk is.

Aangehoue dolfyne en moordvisse kom dikwels van verskillende omgewings en bevolkings. Daar word dikwels van hulle verwag om met ander spesies saam te leef. Spesies waarmee hulle of nie kan kommunikeer of mee oor die weg kan kom nie. Dit sluit spesies in wat hulle nooit eers in die natuur sou teëkom nie.

Walvisse en dolfyne in aanhouding word kunsmatig geïnsemineer, die meeste as hulle nog te jonk is. Die wat in aanhouding gebore is, was nog nooit in 'n skool waar hulle oor die jare deur die moeders geleer is om die kalwers op te pas nie. Sommiges word dus deur hul moeders verwerp, baie van hulle oorleef nie en as hulle wel oorleef, word die kalwers van die moeders geskei en na ander marieneparke dwarsoor die wêreld weggestuur. Daar is streng bewyse dat teling in gevangenskap nie werk nie. Dit is op geen manier natuurlik nie.